higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KONSTRUKSIETOESIGHOUDING
NKR VLAK 4

(12010474)

3 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

250Q1N2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TOESIGHOUDING EN MOTIVERING

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die ... is die persoon wat vir die bouprojek opdrag gee.

A koper
B argitek
C hoofkontrakteur
D kliënt

1.1.2 ... hou verband met die daarstel van doelwitte en om dit in 'n spesifieke plan om te sit.

A Leiding
B Organisasie
C Beplanning
D Beheer

1.1.3 'n Toesighouer se hooffunksies sluit ... in.

A die beperking van koste
B gesondheid
C die bestelling van materiaal
D bevordering

1.1.4 Motiveringsfaktore sluit ... in.

A vergoeding en voordele
B werksekerheid
C verlof
D die werk self

1.1.5 'n ... reël die aktiwiteite van die verskillende ambagsmanne op die terrein.

A Projekbestuurder
B Bourekenaar
C Terreinopsiener
D Hoofkontrakteur

1.1.6 'n ... beheer die uitreiking van korrespondensie, kennisgewings, en die betaling van toepaslike belasting.

A Kantoorassistent
B Bourekenaar
C Kliënt
D Kantoorbestuurder

1.1.7 Die ... is nie deel van die ontwerpspan nie.

A loodgietersingenieur
B argitek
C elektriese ingenieur
D struktuuringenieur

1.1.8 ... is nie 'n eienskap waaroor 'n toesighouer moet beskik nie.

A Omvattende ervaring
B Aantreklikheid
C Goeie gesondheid
D Goeie opvoedkundige agtergrond

1.1.9 ... sal nie motivering op die terrein bevorder nie.

A Herontwerp van poste
B Gereelde vergaderings
C Terugvoering
D Bevordering

1.1.10 ... is nie deel van Maslow se behoefteshiërargie nie.

A Kommunikasievaardighede
B Agting
C Sosiaal
D Veiligheid

(10 × 1) (10)

1.2 Noem VIER aktiwiteite wat normaalweg deur ongeskoolde arbeiders op die terrein verrig word. (4)

1.3 Die NHBRC, MBSA en KBOR ('CIDB') is sommige van die professionele organisasies wat die boubedryf reguleer en monitor.

Skryf die volgende afkortings voluit:

1.3.1 NHBRC

1.3.2 MBSA

1.3.3 KBOR

(3 × 2) (6)
[20]

VRAAG 2: GEHALTEBEHEER

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Gehalte

2.1.2 Inspeksie

(2 × 2) (4)

2.2 Noem SES funksies wat die resident-ingenieur op die bouterrein uitvoer. (6)

[10]

VRAAG 3: VEILIGHEIDSMAATREËLS

3.1 Dit is elke werknemer se verantwoordelikheid om na sy/haar eie en ander se veiligheid in die werkplek om te sien.

Noem VIER punte wat in ag geneem moet word wanneer werk op die bouterrein verrig word. (4)

3.2 Wat is die doel van 'n reserwe noodhelper op die terrein? (2)

3.3 Verduidelik die rol van die SABS in die boubedryf. (2)

3.4 Noem TWEE faktore wat daartoe mag lei dat werk in 'n bouprojek oorgedoen moet word. (2)

[10]

VRAAG 4: PROJEKBESTUUR, KOSTE EN PRODUKTIWITEIT

4.1 Noem VIER vergaderings wat op die terrein gehou kan word. (4)

4.2 Noem SES faktore wat produktiwiteit kan beïnvloed. (6)

4.3 Noem die leierskapstyl waartoe elk van die aktiwiteite hier onder behoort. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 Alle besluitneming word deur die leier hanteer.

4.3.2 Besluite word gesamentlik deur die groep geneem.

4.3.3 Geen spesifieke leierskap nie, en die groep word op sy eie gelaat.

4.3.4 Die bestuurder bly by die meeste situasies betrokke.

4.3.5 Moedig die uitruil van idees aan.

(5 × 1) (5)

4.4 Bestudeer die tabel oor die beheer van koste en beantwoord die vrae. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

BETROUBARE BOUERS-KONSTRUKSIE (Edms.) Bpk.

Weeklikse kostekontrolestaat

Bouterrein: N4 GATEWAY-BEHUISINGSPROJEK

Toesighouer: D.D. Naidoo

Kontrakteur: B.S. Nkomo

Aktiwiteit	Begrotings-bedrag	Totale ure	Oortyd-betaling	Aanleg-koste	Arbeids-koste	Totale koste	Wins/ verlies
Terrein-skoonmaak	5 500	15	250	1 000	750	2 000	3 500
Hyskraan	1 250	10	150	500	350	1 000	250
Olifantskrop	1 900	15	300	850	550	1700	200

4.4.1 Hoeveel is tydens die projek aan die aanleg bestee?

4.4.2 Watter aktiwiteit het op 'n verlies uitgeloop?

4.4.3 Wie het die weeklikse kostekontrolestaat saamgestel?

4.4.4 Wat is die totale wins wat die kontrakteur met hierdie projek gemaak het?

4.4.5 Hoeveel geld is vir die projek begroot?

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 5: ARBEIDSVERHOUDINGE EN WETGEWING

5.1 Verkeerde woordkeuse of die verkeerde teikengroep is sommige van die tipiese voorbeelde van kommunikasiehindernisse op die bouterrein.

Noem SES ander kommunikasiehindernisse wat op die bouterrein ervaar kan word. (6)

5.2 Skets DRIE doelwitte en funksies van 'n werkplekforum. (3)

5.3 Bespreek die volgende aspekte wat in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes uiteengesit word:

5.3.1 Jaarlikse verlof

5.3.2 Siekteverlof

5.3.3 Kraamverlof

(3 × 2) (6)
[15]

VRAAG 6: DISSIPLINE EN KONFLIKBESTUUR

6.1 Verduidelik die belangrikheid daarvan om dissipline in 'n organisasie te handhaaf. (3)

6.2 Mondelinge waarskuwings en geskrewe waarskuwings is dissiplinêre stappe wat vir verskeie oortredings geneem word.

Skets VIER ander stappe wat vir oortredings geneem kan word. (4)

6.3 Noem VYF eienskappe van konstruktiewe konflik. (5)

6.4 Noem DRIE werksituasies wat daarop dui dat die leier die voorbeeld stel. (3)
[15]

VRAAG 7: REKORDHOUDING EN ADMINISTRASIE

7.1 Noem en verduidelik DRIE redes vir die aanteken van inligting op die bouterrein. (3 × 2) (6)

7.2 Noem VIER stukke gereedskap wat in die kleingereedskapregister op die terrein aangeteken kan word. (4)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou